53

# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -nr 53 Oktober 2024*

| Belangrike interne nommers |
|---|
| Oordbestuurder 7003 |
| Ontvangs 7001 en 7002 |
| Onderhoudspan 1128 |
| Sekuriteit 6363 en 1126 |
| Sorgsentrum 7020 en 1130 |
| Suster Ina 7025 |
| Wassery 7021 |
| Kliniek Andrea 1127 |
| Haarsalon 7019 |
| Skoonheidsalon 7005 |
| Koffiewinkel 7029 |
| **Eksterne Nrs** |
| Ambulans 086 108 6911 |
| Oordsuster (nood) 076 2123412 |
| Onderhoudsspan 064 812 0093 |
| Brandweer 071 409 9254 |
| Metro polisie 012 358 7095 |
| SAPD Sinoville 012 543 8800 |
| Dr Venter 066 152 9552 |
| Kombuis 012 000 4439 |
| Sorgsentrum 012 000 4438 |
| Of Nood 060 326 2659 Ina |
| KLB elektries 071 194 2153 |
| Vdm Loodgieter 071 194 2153 |
| Best Loodgieters 012 453 1760 |

2016

2018

2019

# 2024

## Toe doen ons dit weer, vir die vierde keer!

# DIE BESTE AFTREE-OORD IN PRETORIA

**Voorwaar 'n prestasie 4 maal in ons 11 jarige bestaan.**




**Daar is volgens Google 217 aftree-oorde in Pretoria (dit sluit enkele ouetehuise en versorgingsoorde in)**

# EETSAAL ETENSTYE

- Die etes in die eetsaal is vars
- Dit word warm bedien by jou tafel
- Daar is altyd 'n sap om te drink
- Daar is koffie beskikbaar na die ete
- Smaak lekkerder as afgelewer in 'n bakkie.

Al meer inwoners ontdek dit.

Daar is nou 'n oorbevolking in die eetsaal, veral met die eerste sessie op Woensdae en Sondae.

## Vanaf 1 November 2024 sal die volgende reëlings geld:

Woensdae en Sondae se **eerste sessie** is vir Huise 1 tot 150 en woonstelle 3001 tot 5312

Woensdae en Sondae se **tweede sessie** is vir huise 151 tot 304 en woonstelle 1001 tot 2309

***Dis belangrik dat die eerste sessie teen 12:45 die eetsaal verlaat.***

Tussen 12:45 en 13:00 is dit 'n groot taak om alles weer skoon en gereed te kry vir die 2de sessie

Aflewerings sal dieselfde bly.

Sommer 'n goeie geleenthede om ander inwoners te leer ken!

# ELEKTRISITEITSMETERS




Baie inwoners lees van die belangrikheid dat voorafbetaalde meters opgedateer moet word. Ons meters is reeds so ongeveer 4 of 5 maande gelede almal opgedateer. U kan dus ontspan.

# SEKURITEITSVOORVAL

Daar was 'n voorval in Madeliefiesingel. Daar was geen skade en daar word niks vermis nie. Ons sekuriteitsmaatskappy ondersoek dit tans. Daar word oorweeg om diefwering te ondersoek. Daar is blykbaar mense met klein genoeg koppe wat hier en daar tussen die staalstawe kan deurkom. Waar die mense vandaan kom is totaal onduidelik op hierdie stadium. Alle kontrakwerkers het polisieklarings. Kan dit wees dat dit werkers is wat privaat ingebring word?

# KOSBAKKIES



Ons kry deesdae gereeld kosbakkies (met kos in) wat op allerlei plekke weggesteek is of sommer iewers rondlê. Dit begin stink en lok ongediertes.
Indien u nie al u kos eet, gooi die res weg en spoel die bakkie uit ASSEBLIEF.
Indien u die bakkie met kos aan 'n werker gee, maak seker die werker gaan dit regtig eet. Maak ook seker dat die werker weet dat dit uitgespoel moet word en in die eetsaal gelaat moet word ASSEBLIEF. Ons het nommers op die bakkies, moet tog nie dat ons dit moet gebruik nie.

***Ondersteun, Ons koffiewinkel, ons dinsdag mark, ons haarsalon, ons rolbal, ons mandjiedanse, ons eetsaal, ons braaigeriewe, ons maandmarkte, ons uitstallers, ons sorgsentrum, ons skoonheidssalon, ons kaas en wyn funksies, ons sop en sjerrie aande, ons gaskunstenaarsaande, ons kerkdienste, ons biblioteek, ons bybelstudies, ons kaartspeletjies, ons stoeloefeninge, ons bingo, ons feeste, ons rummikub, ons tuindienste, ons vrydag pannekoekverkope,ons veerpyltjies, ons tafeltennis, ons skoonmaakdienste, ons tuisversorging, ons medisyne toediening, ons kliniek, ons kiosk, ons lyndans, ons trimgim, ons Dr, ons oordsuster, ons wassery, ons straatbraaie, ons facebook, ons informant <u>ONS BOUGAINVILLA AFTREE-OORD!!!</u>***
**JB**